1702B.

2.

(8).

GEHEIM

SECRET

NDUM

Kopienr: 1 van 3

AFASANT/203/5(G)

20 Oktober 1986

Van : WA Santiago

Aan : H DMI

Ter Info : DBB

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015 -02- 02
J.A.L STEINMANN
72563590PE WO1

19

UITRUILMATERIAAL : SANTIAGO, CHILI

1. WA het uitstekende kontak met die Chileense Carabineros (Para-militêre polisie). As gevolg van die situasie in Chili, wat baie met die van die RSA ooreenstem, nl terrorisme, proteste, onrus, ens, is daar baie wat van mekaar geleer kan word.

2. Met Adjunk-Minister Vlok se besoek aan Chili in Maart 1986 was die spesifieke ooreenkomste weer uitgelig. Veral proteste, oproer, onluste, terrorisme in stedelike gebiede, ens.

3. WA is van mening dat geselekteerde uitruil van informasie tot beide die RSA en Chili kan strek. Daar is twee katogorieë:

a. Informasie tov terrorisme, wapentuig, optredes, taktiek, doktrines, frontorganisasies, proteste, ens in stedelike gebiede.

b. Bekampingsmetodes bv onlusbeheer, wetgewing ens. Die SA Leër het bv 85 informasie van die Carabineros tov skarebeheer, taktiek ens ontvang. Navrae tov wetgewing oor noodtoestande ens is ook deur die RSA aangevra. (AFASANT/283/28 Aug 86 en AFASANT/263/14 Aug 86).

4. Dit is uiteraard belangrik dat daar by die beleid van uitruil gebly moet word en sal informasie tov eie optredes in oorleg gedoen moet word.

5. WA het bv reeds navraag by die Chilene tov die onlangse aanslag op die lewe van President Pinochet gedoen waarop antwoorde ingewag word. Die ondersoek is nog nie afgehandel nie maar WA het die aangehegte pamflet ontvang. HDTI sal ook belangstel. (Kyk my AFASANT/203/2/12 dateer 22 Sep 86 tov die aanslag op die President se lewe. Die kwessie van BBP beskermingstegnieke ens kom dus ook ter sprake.

6. Kyk ook asseblief MV/MS/G/44/4 dd 26 Mrt Besoekverslag van Adj Min Vlok para 16.a.en b. en para 21.c. Paragrawe word hieronder aangehaal vir maklike verwysing:

GEHEIM

SECRET

AFDELING MILITÊRE INLIGTING
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X367
1986 -11- 4
PRETORIA 0001
MILITARY INTELLIGENCE

Para 16.a.

Die groep wat hierdie besoek meegemaak het, was só groot dat geen sinvolle gesprekke daartydens gevoer kon word nie. Benewens die Ambassadeur en die WA Santiago, asook die Chileense begeleidingsoffisier, was ook mnre Bell en Smith van KRYGKOR asook KRYGKOR se verteenwoordiger in Chili by die groep ingesluit. Die taakmaggeoriënteerde demonstrasies wat gegee is, was nietemin baie interessant en het my opnuut onder die indruk gebring dat beide ons en die Chilene baie kan baat deur nouer skakeling op SAP/Carabineros-vlak."

"Para 16.b.

Die WA Santiago word trouens so gereeld gevra om insette te lewer oor die SAP, dat hy van mening is dat die aanstelling van 'n "polisie attaché" in Chili moontlik wedersyds 'n goeie belegging sal wees."

"Para 21.c.

Dit is, myns insiens, noodsaaklik dat ons en Chili nouer met mekaar moet skakel ivm hanteringsmetodes van binnelandse onrussituasies, aangesien ek oortuig is daarvan dat dit tot ons onderlinge voordeel sal wees. Dit help nie dat ons bloot inligting ivm ons vyande uitruil, en nie die voordeel put van lesse geleer in elkander se soeke na oplossings vir sy probleme nie."

7. Geliewe te verwittig of u tov para 3.a instem en wat die SA Leër, óf SAP en waarskynlik DTI se gevoel tov para 3.b. is.

PP (C.J. SAAIMAN)
WEERMAGSATTACHé : KOL

DISTR

Eksemplaarnr

Vir Optrede

H DMI 1

Ter Info

DBB 2

Intern

Lêer; (AFASANT/203/5(G)) 3

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015-02-02
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

Ms; Teg hul skakeling het met Chile tydens die afgelope hul Konf Ploegwerk en 52 dokumente is aan hulle beskikking en 1 terug gekry.
SSO VT. 6/1/87

M1.
Stem saam met WA se siening. Sal dit tydens eerskomende Konferensie met hom bespreek.
11/11/86
LL 14/11

M2.
Brig de Kock. Kopie van die dokument om te dien as besprekingspunt vir die att konferensie, asb.

M3
Sal reël
1/12
LL 14/11

M4
SSO VT
Kan u asb terugvoer gee oor die aspek. Ecom Tur Sal hul 86.